Dra mekaar se laste

Galasiërs 6: 1-10

[1]Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. [2]Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. [3]As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. [4]Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. [5]Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

[6]Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het.

[7]Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. [8]Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. [9]Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. [10]Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

NOTA:

- Opskrifte: (i) Laaste vermaninge (1933), Dra mekaar se laste (1983), Christene moet mekaar help (2007), Dra mekaar se swaarkry (2022).
- Gemeente se visie: Zuurfontein Gemeente streef daarna om ’n gemeenskap van gelowiges te wees waar ons mekaar liefhet, waar ons sterk staan in die geloof, waar ons mense in nood help, en waar ons volhard.
- Paulus nader die einde van sy brief en, soos dit sy gewoonte was maak hy ‘n paar los opmerkings. In hierdie geval bestaan dit uit ‘n klomp los oproepe. In die eerste gedeelte (6: 1-6) gaan dit oor twee sake: (i) liefdevolle meelewing met ander en (ii) bereidheid tot selfondersoek. In die tweede gedeelte (6: 7-10) kyk Paulus na dit wat skeefgeloop het in die gemeente: (i)

dit wat jy saai sal jy maai, (ii) doen aan almal goed, veral die medegelowiges en (iii) soos Jesus aan almal goed gedoen het.

- Hoe lyk ‘n mens wat se lewe deur die Heilige Gees beheers word?
- Wanneer ‘n medegelowige iets verkeerd doen, moet ons hom of haar nie veroordeel nie. Ons moet hulle eerder in ‘n gees van sagmoedigheid reghelp. “*My liewe familie in die Here, partykeer beland iemand in een of ander sonde. As julle dit agterkom, moet julle wat in die Gees leef so iemand reghelp. Doen dit met die sagtheid van die Gees self. Maar wees versigtig. Maak seker dat jy nie self in die versoeking beland nie* (AFR, 2022).”
- ‘n Gelowige wat onder beheer van die Heilige Gees, sal help om ‘n mede gelowige se laste (enige iets wat die lewe vir ‘n medegelowige moeilik maak) te dra. Dit kan sake wees soos siekte, emosionele probleme, werkloosheid, finansiële probleme. “Laai mekaar se swaarkry en probleme op julle skouers (AFR, 2022).”
- Bereidheid tot selfondersoek bring ons by belangrike vrae: (i) Dink ek nie miskien dat ek belangriker is as wat ek is nie? en (ii) Is my doen en late werklik goed?
- Gelowiges moet hulle geestelike leiers ondersteun. Paulus verwys na finansiële ondersteuning aan die leiers wat die gemeente gelei het tot diepere geloof. Dink hier aan traktement vs salaris. “Elkeen wat onderrig word in die Woord van God moet hulle leermeesters ook laat deel in al die goeie dinge wat hulself op hulle naam het. Hulle moet sorg dat daardie leermeesters darem ook kan leef (AFR, 2022).”
- As jy jou oorgee aan die sondige natuur, sal jy dood en verderf oes. As jy jou oorgee aan die Gees, sal jy die ewige lewe oes. Jou keuses het gevolge!
- Almal moet goed doen, veral aan die medegelowiges. Hier staan nie, NET aan die medegelowiges nie.
- Soos Jesus moet ons probeer om aan almal goed te doen!